# Omskakelings na Cumulus Echo Uittree-Plan

Kliënte met bestaande Sanlam Lewens Uittreeannuïteite (UA) (universele-lewens en ander ouergenerasie, Stratus, Cumulus, Cobalt vir Professionele Persone of Topaz) kan nou omskakel na Cumulus Echo, Sanlam se nuutste baie suksesvolle en buitegewone waarde-vir-geld-UA. So ŉ omskakeling is die beste manier om aanpasbaarheid en keuse by u aftreeplan te voeg en is baie meer doeltreffend en goedkoper as ŉ oordrag van u voordele na ŉ ander uittreeannuïteitsfonds.

ŉ Unieke stel Echo Bonus persentasies word bereken vir elke individuele omgeskakelde plan. Hierdie persentasies verseker dieselfde of selfs ŉ beter posisie op die oorspronklike beplande aftreedatum, indien dieselfde gemiddelde batebestuursheffing soos voor die omskakeling aanvaar word en u aanhou met u bydraes tot aftrede. Enige herhalende bydraeverhogings en ad hoc eenmalige bydraes op die omgeskakelde plan sal hanteer word soos ŉ nuwe Cumulus Echo UA.

Raadpleeg jou Finansiele adviseur om seker te maak dat jou polis omgeskakel kan word.

## Die voordele van omskakelings na Cumulus Echo

### ’n Echo Bonus word bygevoeg om u aftreespaargeld ’n hupstoot te gee

Cumulus Echo moedig gedissiplineerde spaar aan met die Echo Bonus, ’n bedrag wat by aftrede (of vroeë beëindiging) bygevoeg word om u aftreespaargeld ’n hupstoot te gee. Met die Echo Bonus kan u deurgaans die waarde van u aftreespaargeld duidelik sien, en wat u ’n meer oortuigende rede gee om by u aftreespaarplan te hou. Die funksie van die Echo Bonus is om die effek van die planheffings te verminder. Hoe langer die termyn van die belegging, hoe groter is die Echo Bonus. Op die weergawes “Vir Professionele Persone” en “Vir Gegradueerdes” is selfs hoër Echo Bonus persentasies van toepassing.

### Toegang na pasgemaakte beleggingsopsies

Die Omvattende Opsie bied toegang tot die volledige reeks van beleggingsfondse wat vir Cumulus Echo beskikbaar is teen ŉ lae administrasie fooi om deurlopende voldoening aan Regulasie 28 te verseker. Die Omvattende R28 Opsie is ook beskikbaar en bied slegs toegang tot die beleggings- fondse wat aan Regulasie 28 voldoen. Die Omvattende R28 Opsie verwyder die nodigheid vir deurlopende Regulasie 28-voldoening. Regulasie 28 verseker ŉ gebalanseerde bateverspreiding ten alle tye (sien die artikel oor Regulasie 28). Dit is moontlik om enige tyd van die Omvattende Opsie na die Omvattende R28 Opsie te verander, en andersom.
Die SIM Reg28 Property Equity Fund is ŉ meer aggressiewe fonds wat veral vir jonger kliënte geskik is en beskikbaar teen baie lae fooie. U het ook toegang tot ander unieke fondse met baie lae fooie en wat aan Regulasie 28 voldoen soos die Leeftyd Beleggingsopsies, Diversified Wealth Builder en die SATRIX Dynamic Balanced Fund.

### Toegang tot die voorste beleggingsfondse in die bedryf

Die voorste beleggingsfondse oor alle risikovlakke en bateklasse is beskikbaar, wat dit makliker maak om ’n geskikte beleggings- portefeulje te kies. Lewensfondse met soortgelyke mandate as die onderliggende effektetrusts is ook beskikbaar en het oor die algemeen heelwat laer batebestuursheffings. Sommige beleggingsfondse bied ’n opsionele beleggingswaarborg wat oor tyd toeneem soos die waarde van die belegging

groei. U kan ook toegang kry tot beleggingsfondse wat dalk nie op u bestaande produk beskikbaar is nie, bv. Shariah fondse.

## Leeftyd Beleggingsopsies maak aftreebeplanning makliker

Met hierdie beleggingsfasiliteit word u spaargeld namens u bestuur, teen uiters lae koste. Hulle pas outomaties u bate-toedeling aan na meer konserwatiewe bates soos wat u nader aan aftrede kom. Verskillende Leeftyd Beleggingsopsies is beskikbaar vir individue wat beplan om inflasiegekoppelde annuïteite aan te koop by aftrede.

## Bekostigbare ad hoc-bydraes om u sak te pas

Ad hoc- herhalende bydraeverhogings en eenmalige bydraes word enige tyd toegelaat en die minimum bedrae is laag genoeg om u veranderende behoeftes te akkommodeer. Gereelde jaarlikse bydraeverhogings (tussen 5% en 20%) of teen die Sanlam inflasiekoers is beskikbaar om u spaargeld te help om tred te hou met inflasie.

## Gemoedsrus sou u ongeskik raak

’n Opsionele kwytskelding van betalings by ongeskiktheidsvoordeel kan bygevoeg word sodat u bydraes deur Sanlam betaal word indien u ongeskik sou raak.

## Deursigtigheid is een van die hoekstene van Cumulus Echo

Alle kostes en bonusse word vooraf op die kwotasies uiteengesit. ’n Vermindering in opbrengs-persentasie word op die kwotasies ingesluit. Dit toon die mate waarin die opbrengs op die bates as gevolg van die heffings tot die opsiedatum verminder sal word, en dit sluit die verbeterde effek van enige bonusse in, voor en na die omskakeling. Hoe laer die persentasie, hoe meer kostedoeltreffend is die belegging. Beleggingstate kan enige tyd vanaf die Sanlam Kliëntesorgsentrum aangevra word. Daaglikse eenheidspryse en fondsfeitebladsye is vir al die beleggingsfondse op die Sanlam webwerf beskikbaar. U sal jaarliks inligting ontvang oor hoe u belegging presteer, en voordelestate kan enige tyd van Secure Services op die Sanlam webwerf verkry word.

## En buigsaamheid om u veranderende finansiële behoeftes te akkommodeer

U kan so dikwels as wat u wil tussen die fondse binne die Omvattende of Omvattende R28 Opsie omskakel. Die eerste vier omskakelings in ’n planjaar is gratis. U kan so dikwels as wat u wil die toedeling van u herhalende bydraes tussen die verskillende beleggingsfondse verander – gratis. Dit is moontlik om enige tyd van die standaardweergawe na die weergawe “vir Gegradueerdes” of “vir Professionele Persone” te verander. Enige tyd ná die omskakeling vir ten minste een jaar van krag is, mag ’n betalingsvakansie (oorbruggingsfasiliteit) van tot twaalf maande versoek word, wat meer buigsaamheid toelaat.
Belangrike oorwegings met ’n omskakeling na Cumulus Echo
Die Stabiele Bonusfonds en die Vestigende Bonus fonds belê, wat gelykstryking van die beleggings- opbrengs bied, is tans nie beskikbaar op Cumulus Echo nie. Die omskakelings waarde sal met ’n markwaarde-aanpasser verminder word indien die markwaarde laer is ten tye van die omskakeling. Gewaarborgde minimum uitkeerwaardes en fondse met beleggingswaarborge is nie beskikbaar op Cumulus Echo nie.
Die Stratus Leeftyd Beleggingsopsies is nie op Cumulus Echo beskikbaar nie, maar ’n nuwe Cumulus Echo Leeftyd Beleggingsopsie kan met die omskakeling gekies word.
Die maksimum aantal beleggingsfondse beskikbaar op Cumulus Echo is 10 fondse per plan.
Met ’n omskakeling na Cumulus Echo verbeur u alle lewens-, ongeskiktheid- en traumadekking wat op ’n bestaande plan van toepassing mag wees. Daar is egter ’n opsie om hierdie dekking na ’n nuwe Sanlam Lewens risiko plan oor te dra sonder enige mediese onderskrywing.
Die fondswaarde vir ’n plan wat omgeskakel word, moet minstens R1 000 wees. ’n Minimumverhoging van R150 per maand geld en die herhalende bydrae ná die omskakeling moet ten minste R250 per maand wees.
Vir planne sonder herhalende bydraes moet die fondswaarde van die plan ten minste R7 000 wees en ’n herhalende bydrae van ten minste R250 per maand moet met die omskakelings bygevoeg word. Indien die fonds waarde R10 000 of meer is, kan die plan omgeskakel word sonder om ’n herhalende bydrae by te voeg.

**Vir meer inligting kontak u Sanlam finansiële adviseur of geakkrediteerde makelaar.**

Hierdie artikel gee ’n algemene opsomming van omskakelings na die Cumulus Echo aftreeplan.
Omvattende terme en voorwaardes word uiteengesit in die kwotasie en plan kontrak.